Nuusbrief 200

9 Desember 2015

Beste Lede,

SAWPA wens al ons lede en hulle geliefdes 'n vreugdevolle en rustige vakansietyd toe.

Neem asseblief kennis dat die SAWPA-kantoor amptelik van die 17de Desember 2015 gesluit sal wees en weer op die 4de Januarie 2016 sal heropen.

NRCS-VERKLARING VAN HEFFINGS VIR PERIODE 1 JULIE TOT 31 DESEMBER 2015

Die Nasionale Reguleerder het reeds begin om verklaringsvorms t.o.v. heffings vir die periode 1 Julie to 31 Desember 2015 te sirkuleer. Dit moet teen 31 Januarie ingedien en betaal. Soos in die SAWPA Nuusbrief 198 van Augustus 2015 gerapporteer, is die gewysigde NRCS tariewe reeds op 24 Julie 2015 gepubliseer, en is die heffings as volg:

Kommoditeit Beskrywing	Eenheid	Nuwe Tarief per Eenheid	Produk Sertifisering Tipe 5 Tarief per Eenheid
Verduursaamde Hout (VC 9092)	1 m^3	R1.18	**R1.06**

Maak seker dat die verklaringsvorm die bogenoemde heffings aandui en onthou dat alle SATAS en SABS gesertifiseerde aanlegte "Tipe 5 gesertifiseer" is. Dus is die R1.06 van toepassing. Indien R1.18 aangedui is op die vorm, kan u aanvra vir die tipe 5 verklaringsvorm by Magda.Spies@nrcs.org.za. Alternatiewelik kan die tarief gewysig word deur die R1.18 na R1.06 te verander en deur duidelik aan te dui dat u tipe 5 gesertifiseer is.

SAWPA TEGNIESE RIGLYNE

Die faling van H4 pale as fondasiepale (bou-heipale) na slegs 20-25 jaar in permanente strukture, wat deur ITC-SA se houtraambouers onder ons aandag gebring is, tesame met die loods van 'n reeks tegniese notas deur die TPAA van Australië, het aanleiding gegee tot 'n nuwe SAWPA inisiatief wat die ontwikkeling van ons eie Tegniese Riglyne sal insluit. Die riglyne beoog om die algemene publiek en handel in te lig oor behandelde hout en die korrekte toepassing. Ons het onlangs die groen lig by TPAA gekry om hulle tegniese notas te gebruik vir ons eie doeleindes, en kondig graag die eerste drie aangehegte SAWPA Tegniese Riglyne aan.

- Wooden Pilings or Foundation Poles used for Permanent Buildings
- Understanding the Markings on Treated Timber
- Understanding Hazard Classes

Die notas is beskikbaar op die SAWPA webtuiste onder "TECHNICAL GUIDANCE NOTES" gelys onder die "INFORMATION" seksie, of volg eenvoudig die volgende skakel http://sawpa.co.za/technicalguidancenotes.php

SAWPA – PROMOSIE TYDENS 2015

	Gedrukte Media - Advertensies, Artikels en Brosjures, Webtuiste plasings en Uitstallings
Januarie	- Home Handyman: & Afdak Doen dit jouself projek - Digest of SA Architecture: Advertensie
Februarie	- Earthworks Tydskrif: Advertensie - Homemakers Nuusbrief & skougids: Advertensie - Timber iQ: Advertensie - Buildaid's Building & Pricing Guide: Advertensie en 3 bladsy artikel - SA Building Review Vol 3 2015: Advertensie & Artikel - Homemakers Fair Gauteng: Uitstalruimte (ingesluit nuwe SAWPA muurbaniere)
Maart	- Home Handyman: Advertensie en Speelraam Doen dit jouself projek - Wood SA & Timber Times: Advertensie - Timber & Allied Trade Buyers Guide 2015: Advertensie & Artikel
April	- To Build Tydskrif: Advertensie - Timber iQ: Advertensie - Earthworks Tydskrif: Advertensie - Public Worx Tydskrif: Advertensie & Artikel
Mei	- Home Handyman: Advertensie & en buitekroeg Doen dit jouself projek - Earthworks Tydskrif: Advertensie - Wood SA & Timber Times: Advertensie - Agri24 Webtuiste: Multiple category listings and banier Advertensie
Junie	- Home Handyman: Advertensie - Timber iQ: Advertensie - Service Leadership in Local Government: Advertensie - To Build Website: Banier Advertensie - Landbou Weekblad – geklassifiseerde Advertensie - Specifile Webtuiste: Gelys op webtuiste (ingesluit SAWPA brosjures)
Julie	- Volksblad: Advertensie - Forestry Directory 2016: Advertensie - Export Directory African Markets: Advertensie & Artikel - Wood SA & Timber Times: Advertensie - To Build Tydskrif: Advertensie & Artikel - Bloembuild Expo Universiteit van Vrystaat: Uitstalruimte
Augustus	- Homemakers Skou Gids + Tydskrif: Advertensie - Earthworks Tydskrif: Advertensie - Green Home Tydskrif: Advertensie - Homemakers Expo Cape Town: Uitstalruimte
September	- Timber iQ: Advertensie + Artikel - South Tydskrif: Advertensie - Wood SA & Timber Times: Advertensie - Wêreld Bosboukongres Durban: SA Forestry Inc - Uitstalruimte (SAWPA muurbanier & sleutelhouers)
Oktober	- Earthworks Tydskrif: Advertensie - Homemakers Fair Tydskrif: Advertensie - SAWPA kalender gedruk en gepos - Wood SA desk pad: Advertensie - Wood SA Lessenaar kalender: Advertensie - SA Roofing webtuiste: Classified Advertensie & banier - Timber IQ webtuiste: Classified Advertensie & banier
November	- Green Building Handbook: Advertensie - To Build: Advertensie & Artikel - Architecture SA: Advertensie - Wood SA: Advertensie - Herontwerp twee SAWPA brosjures - FSA nuusbrief webtuiste www.forestry.co.za: Hernu lysting - SSA nuusbrief Webtuiste www.timber.co.za: Hernu lysting
Desember	- South Tydskrif: Advertensie - Timber iQ: Advertensie - Digest of SA Architecture 2016: Advertensie - SA Building Review 2016: Advertensie and 3 page Artikel - SA Forestry lessenaar kalender: Advertensie - Farmers Weekly Webtuiste: Banier en gelys onder "Industry organisations" en "Agricultural Equipment" - SAWPA webtuiste: Loots Tegniese Riglyne

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste in November 2015 was 26 890.
- WoodEX for Africa 2016: Lede wat beoog om deel te neem of die skou te besoek wat van 9 tot 16 Junie plaasvind kan die webtuiste www.woodexforafrica.com besoek vir meer inligting. SAWPA het reeds uitstalruimtee bespreek en hoop ook om meer van ons lede by die skou te sien
- Pos beskikbaar as “Pole Treatment Plant Business Manager”. Vir meer inligting kontak asseblief vir Neels Reyneke by neels.reyneke@newforests.net of 011 447 7344.
- WAARSKUWINGSETIKETTE: Wees pro-aktief en voorbereid en bestel die rolle waarskuwingsetikette by SAWPA. Die rolle is gratis beskikbaar aan lede. Die aanbring van waarskuwingsetikette sal ‘n vereiste word sodra die hersiende weergawe van SANS 10005 gefinaliseer is en sal dus nie bloot meer ‘n aanbeveling wees nie.

Houtverduursaaming op sy beste: Die Senekal kerkheining van versteende houtstompe

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za epos: sawpa@global.co.za